NUUSBRIEF VAN DIE HOUTWERKVERENIGING VAN PRETORIA

tambotie

NEWSLETTER OF THE WOODWORKING ASSOCIATION OF PRETORIA

www.ptawoodworkers.com

’n Geseënde Kersfees en ’n baie voorspoedige Nuwejaar word vir almal toegewens

Redaksioneel

Aan die begin van elke jaar dink ’n mens dat ’n jaar darem maar baie lank is. Dink net: twaalf maande! Daar is so baie tyd beskikbaar. ’n Mens kan so baie met al hierdie tyd verrig. Dit is dan ook waarom dit so maklik is om so baie voornemens vir die nuwe jaar te formuleer. Dit is ook hoekom dit so maklik is om voornemens so ’n bietjie op ’n slag uit te stel vir later. Die probleem is egter dat die tyd ’n mens telkens inhaal. Ek is verder ook seker dat die maande na Julie beslis korter is as die van die eerste helfte van die jaar.

Met die voorafgaande in gedagte is dit dus nie vreemd dat ons alweer aan die einde van nog ‘n jaar gekom het nie. As ons egter so terugkyk op die afgelope jaar se houtwerk-bedrywighede glo ek dat ons genoeg het om oor tevrede te voel. Al die vergaderings het lekker pitkos aan ons opgedis. Die aktiwiteite soos Projek plank, Aids & Gadgets, deelname aan die aktiwiteite van die draaiers en kabinetmakers asook deelname aan ons buurverenigings se uitstallings en so aan, was alles baie goed en suksesvol. Hierdie jaar was ons eie uitstalling ook nog ’n groot sukses. Ek glo dat al ons lede sal saamstem dat die komitee hoogs tevrede kan voel met dit wat hulle vermag het. Om ’n paar goed te noem wat hierdie jaar spesiaal gemaak het, die volgende:

- Ons het hierdie jaar ’n groot verskeidenheid aanbiedings van hoogstaande gehalte gekry.
- Ons het ’n eie netjiese hemp in gebruik kon neem. Hierdie is iets wat baie sal bydra tot die bekenstelling van die vereniging.
- Ons webwerf werk tans baie goed.
- Die uitstalling, by ’n nuwe plek, het puik verloop.
- Die sub-groepe het baie goed gefunksioneer. Die bywoning van hierdie sub-groepe se vergadering was goed bygewoon. Dit was veral bemoedigend om te sien hoe die belangstelling in kabinetmaak toegeneem het.

Daar is verseker nog goed wat as hoogtepunt genoem kon word, maar ek volstaan hierby. Ons sê net dankie aan Paul Roberts en sy komitee vir al die tyd en harde werk wat hulle gelewer het om ons vereniging steeds vorentoe te laat beweeg het.

Programme: upcoming events

There are no more activities scheduled for this year. However, everyone should take note of the following:

- **Saturday, 14 January, 2012 at 09h00: the cabinetmakers will meet at Klaas Coetzee's workshop. 566 Dakota Street, Elardus Park. Telephone 072 247 7758.**

  (*Members to bring their own fold up chairs as well as the plans or sketches for those woodwork projects they have lined up for 2012)*

- **Wednesday, 18 January, at 18h00: The turners will have their meeting at the workshop of Leon Wolmarans. Telephone 072 179 7545**

- **Wednesday, 25 January, 2012 at 18h00; Annual General Meeting of the Woodworking Association of Pretoria.**

  (*Everybody to take note that forthwith we will meet in the new building of the Botany Faculty: University of Pretoria. The location of the new building is indicated on the attached map)*

From the Chair/ Uit die Stoel

We have now reached the end of the year and our thoughts turn towards Christmas and families. The challenges for the next year are also in mind and 2012 promises to be a busy year from a woodworking perspective. I mentioned the other evening at the Monthly Meeting the proposed date of next year's Exhibition. Unfortunately we have had to change the date as the New Hope School has another event on the day we had requested.

The major **Woodworking Events for 2012** are as follows:

- 1-4 March Hobby-X, Johannesburg
- 22-24 March WoodEx, Johannesburg
- 1 Sept East Rand Woodworkers' Association Woodworking Fair
- 6-9 Sept Hobby-X, Midrand
- 21-24 Sep AWSA probably in Cape Town
- 28 Sept-7 Oct Wood Festival, Knysna
- **13 October Woodwork Exhibition of the Woodworking Association of Pretoria**

We are hoping for a memorable Exhibition next year and at this early stage call upon <u>all</u> members to plan ahead and produce items for display and for sale.

Vir ons tradisionele jaarafsluiting het ons nou die aand 'n aangename braai gehad. Die komiteelede, Dries du Toit en Kobus Mostert, word hartlik bedank vir al die reëlings wat hulle getref het.



Ten spyte van die lekker reënbui het ons steeds die vleis gaar gekry!

Die Algemene Jaarvergadering vind plaas op **Woensdag 25 Januarie 2012 om 18h00. Die AJV** sal in die nuwe vergaderplek wees - kyk kaart in hierdie weergawe van Tambotie. Lede word versoek om die vergadering by te woon en om insette in verband met volgende jaar se program te maak. Probeer ook om nuwe lede te werf en om hulle saam te bring.

I would like to wish all of our Members and their families a blessed Christmas and look forward to resuming woodworking activities in 2012.

Groete

Paul Roberts

Voorsitter / Chairman

Cabinet Makers 12.11.2011

The Cabinet Makers Interest Group met at Paul Roberts' workshop and we had a good attendance of 17 persons. The topic for the day was mainly focussed on **Routing**. Paul Roberts made the presentation which covered:

- Cutting and surface routing of edging;
- Routed inlays.

Edging

Solid wood edging often needs to be applied to manufactured boards. Usually a mitre joint is used at the corners and a mitre fence for a radial arm saw was shown which was accurately made. Paul uses a fine kerf saw for clean cuts.

Mitre fence for a radial arm saw

The width of the edging is about 2 to 3 mm larger than the board thickness and requires surfacing after glueing. A small router was used for this surface machining with a straight bit of around 19mm diameter. The bit is set about a paper thickness above the board surface (0.1mm). The router is mounted in a shop-made mount to ensure that it does not tip and damage the edge. After the routing the edge might need a very light sand to ensure a flush surface.



Surface trimming of the edging

2. Routed Inlays

Routed inlays are used for fixing imperfections (such as knot holes) in wood (especially expensive hardwood) or for decorative inlaid features. Paul demonstrated the process in detail and stressed the importance of having registration marks on the template and using a

transparent piece of plastic for selecting and marking a matching inlay as illustrated in the following photographs. Use is made of a template and any shape can be used for the inlay, provided that it can be routed. An ellipse is an ideal shape. Once the inlay plug has been routed, then it is cut off using a band saw (or a thin section of about 3 mm can be used). Use masking tape on the side to hold the plug in position during the band saw cut. The plug might require light sanding on its edge to obtain a tight fit. The inlay is glued into the hole using a light application of glue. The thickness of the inlay is a little more than the hole and the surface routing system described above can be used to get a flush surface.



Template and routed inlay cavity.

Note registration marks on template.



Paul presenting the inlay methodology.



Marking of a plastic insert showing major grain features and registration



Combinations of guide bush and router bit sizes for Routed Inlays



Plastic insert on inlay plug to be cut.



Routed inlay components

Routed inlay showing matched grain

3. Other matters

Douglas Lock demonstrated the routing of dovetail joints on a table router. He made an adaptation of the router bit and added a guide collar. The process was quick and accurate.



Douglas routing dovetails on a table router.

Note use of safety glasses and ear plugs!

Gerhard Joubert showed a folding wooden stool that he had made. We thought that we should distribute the plans of this useful stool.

Gerhard and his folding stool

The venue for the first meeting in 2012, will be on **Saturday 14 November at 09h00** at the workshop/home of Klaas Coetzee, 566 Dakota

Street, Elardus Park, Tel 072 247 7758. Bring your own fold-up chairs.

Paul Roberts

Items for sale / Items te koop, Pretoria

1. **Record Band saw** on stand and spare blades, mitre fence and top guide bearings. R2000 or nearest offer. Model RSBS12 150mm throat, 300 mm width. Paul Roberts 084 515 2773.

2. **Tools and Equipment Ex the Late Brian Addis**

Trend Air Shield/Respirator	R4000
Stihl Chainsaw	R800
Welder Bee Gee 220 v	R800
Hoist 1 ton	R200
Chisels Firmer	R20 each
Marking gauges	R 50 each

Contact Don Moody 082 888 9516

3. **Equipment**

Planer-thicknesser SCM-SS31 (310mm) in good working order + extra blades R15 000.

Festo Basic Unit plus accessories (sliding table etc), saw insert and ATF55E circular saw, R13 000

Contact Alexei Migachev 082 512 5185

4. One of our members, Piet Smith, made enquiries about abrasives and so on. He came up with a firm inJohannesburg where the following items can be obtained. Piet is convinced that the prices are very competitive. Members may want to get together to make it worthwhile to order packs/boxes.

- Abrasive Belts 3M*454mm … to 2650*4590 all materials. Wood to Stainless Steel.
- Discs 150mm diameter Velcro, Plain, Stick-it… to 765mm diameter plain
- Ro-lock discs (3M)
- Flap wheels… all sizes
- Grinding wheels and Cutting discs.
- Sand paper
- Floor rolls

Other products

- Masking tapes
- Specialised Heat Self Fusing tape (ie Car Hose pipe)
- Signage and Graphics material.
- 18 – 50 meter Electric cable reels, 1 or 2 plug
- Electrical Tape
- Gaffer Tape
- Packaging Tape
- Duct Tape
- Barrier Tape
- Tamper evident tape (Security)

For abrasives : Contact Cathy on 011-296-6502 Or email :cathyo@wilec.co.za

Minimum orders per pack and Tapes per box.

A Division of Savcio Holdings Pty (Ltd)+

Reception 011 296 6500

Fax : 086-579-0058

Cell : 082-576-6794

E-Mail : nigelb@wilec.co.za

Website : www.wilec.co.za

Draaiers se byeenkoms November

Die draaiers het, soos gewoonlik, nog ’n geslaagde byeenkoms gehad. Dit wou lyk of die jaar dalk ’n bietjie lank begin raak het want daar was ’n paar manne wat ons gemis het. Die Mosterts het verseker dat die manne darem ook innerlik versterk kon word. Die pizzas was heerlik en ons sê dankie daarvoor

Die huiswerkitems, hoewel aan die min kant, was weer van ’n hoë standaard. Dit is ook baie duidelik dat die meeste mense deurgaans poog om met iets nuuts vorendag te kom. Die kersversierings het mooi goedjies opgelewer. Hiermee ’n paar foto’s om te toon wat die dag uitgestal is:

Afrika kultuur-bak

Kersversierings asook twee uitgeholde bakke

Tydens hierdie vergadering het ons ook in redelike detail in gegaan op die nuwe kriteria wat gebruik staan te word by die beoordeling van draaistukke. Hierdie verandering in die kriteria is ’n aspek wat elke nou en dan onder die loep kom. Dit is te wyte aan die feit dat ons almal in ons draaivermoë vorder. Die standaarde van draai hier te lande asook wêreld wyd is verder ook deurlopend aan’t verander. Al hierdie goed bring mee dat ons deurgaans moet streef na hoër standaarde en hierdie verandering van ons kriteria is slegs ’n uitvloeisel van hierdie nuwe uitdagings. Almal teenwoordig was dit eens dat hierdie nuwe roete net positief kan bydra tot die verhoging van ons draaiers se vermoë.

Die volgende draaivergadering sal by LeonWolmarans se werkplek gehou word en wel op Woensdag, 18 Januarie, 2011 om 18h00. Die huiswerk is ’n eie keuse item wat geskik sou wees vir hierdie lang vakansietyd.

Hier het ons ’n bak in ’n bak! Die bak met ’n natuurlike rand het aan die binnekant nog ’n bak wat deur ’n klein opening uitgehol is.

(Ek het nie goeie notas geneem nie en kan nie met sekerheid sê wie verantwoordelik was vir welke stuk nie. Red)

Hoe om sake vir jouself moeiliker te maak.

By die laaste draaibyeenkoms was daar veral een uitgestalde stuk wat my nuuskierigheid geprikkel het. Die item was maar klein maar tog heel uniek. Ons moes raai van watse soort "hout " dit gedraai was, maar niemand kon eers naastenby naby die regte antwoord uitkom nie.

At se kelkie met 'n "captured ring"

Hierdie kelkie is van 'n rooi patat gemaak!

Ek het na die byeenkoms na At toe gegaan om te verneem hoe hy te werk gegaan het om die affêre gemaak te kry. Het jy al gedink hoe om 'n patat in 'n klembus vas te hou? Hoe maak 'n mens dan nog met die dun stingeltjie met die ring daaromheen?

At het my die versekering gegee dat die prosedure maar grootliks dieselfde is as wanneer jy dit met hout sou doen. Jy moet net die patat by die groentewinkel uitsoek om te verseker dat hy nog vars en styf is. Die res kom by skerp gereedskap en versigtig werk. Die uniekheid aan hierdie "hout" is dat dit pap word na dit gedraai is. Die spul moet dan opgehang word om droog te word, natuurlik op so 'n manier dat hy sal kan staan as hy eers weer droog, en dus weer hard, is. At het my verseker dat wortels ens ook nie sleg draai nie!

Ons het hier te make met iemand wat reeds baie proefnemings met groot sukses gemaak het. Al hierdie snaaksighede en oefening is seker die rede dat At alom bekend is as 'n draaier van uitnemendheid. Ons kan ook maar probeer om patats, wortels en palmbome te draai. Die oefening kan net help om jou draaiwerk beter te maak.

Werk deur ons lede

Ek het slegs vrylike toegang tot myself en julle wil nie wys wat julle doen nie, so ek sal maar nog 'n keer wys dat ek soms tog besig is.

'n Vriendin van my het een van hierdie koffietafels wat die buitelanders langs die strate verkoop. Die pote is uit een stomp gesny/ gekerf. Die ronde blad is van drie planke aanmekaar gesit. Ongelukkig is die vryflasse seker sonder behoorlike klampe gemaak, en dit met tappenne (dowels), met die gevolg dat die lasse nie heeltemal toe getrek is nie. Die middelste las het gefaal en die ander was maar so-so. Ek is gevra om die blad te herstel.

'n Mens kon nie die vryflas behoorlik skaaf nie want dit sou die rondheid van die blad affekteer. Ek het dus maar besluit om net effens skoon te maak en dan "biscuits" vir sterkte te gebruik. Ek het verder ook besluit om die ander twee lasse ook los te maak. Om dit te doen het ek die ***Fein*** sagie gebruik om die penne mee af te sny. (Hierdie is 'n wonderlike sagie aangesien dit 'n uiters dun lem het wat maak dat jy in die baie dun gleufie kon inkom om die penne af te saag, sonder om die blad te beskadig.

Na die blad weer aanmekaar gelas was het ek dit afgeskuur en toe met geskikte beits gekleur waarna dit met ***Liberon*** se "Paste Wax" afgewerk is. Dit het naastenby dieselfde kleur en gevoel gehad as wat die oorspronklike afwerking gehad het en dus het dit aangepas by die pote wat natuurlik losstaande van die blad is. Die tafeltjie lyk nou weer goed en is seker reg vir nog 'n klompie teepartytjies.

Hier is ek besig om die finale afwerking van die tafelblad te doen

Redaksie

Redakteur: Louw Trichardt

Adres: Bus 50606, Wierdapark, 0149

Telefoon: 012 53 1874

E-pos: louwmarie@icon.co.za

Future venue of the meetings for the Woodworking Association of Pretoria

The first meeting in this new venue will be the AGM of Wednesday 25 January, 2012